07 Jul.

Uitgawe 2010/07/07

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. (**Joh.10:14**). Ons goeie Herder weet van alles – ons harte, wense, doel en omstandighede. Hy keur ons goed al is ons armoedig en ellendig. Hy noem ons Sy eie. Ons, as Sy kinders, erken Hom as ons Beskermer en Redder. Ons begeer om deur Hom alleen gelei te word; Sy standaarde word hoog op prys gestel, bo alles. Ons wil Hom tevrede stel en in gehoorsaamheid wandel. ***Goeie Herder, dankie dat U U lewe vir ons neergelê het. Dankie dat U ons beskerm teen gevaar. Ons volg U stem; waar U ons ookal lei.***

Deurbraak : Gered deur nag-en-dag-gebed

Hierdie maand is alle oë gevestig op Suid-Afrika. Daar gebeur meer in hierdie land as net sokker, daar is ook 'n bewustheid van gebed in die dorpsgemeenskappe wat 840 000 mense na Christus gelei het in die laaste ses jaar. 'n Suid-Afrikaanse evangelis en kerk planter, Peter Sekhonyane, van Orange Farm (suid van Johannesburg) is oortuig dat God gebed beantwoord. He sê daar is 7 800 24-7 gebedswagte wat onstaan het in plaaslike kerke in sy land sedert 2004, waar gemeentes elke uur van die dag met gebed vul. Die resultate is 246 herstelde huwelike, 190 toordokters wat Jesus as Saligmaker aangeneem het. In Orange Farm is daar 18 sentrums waar 5 400 kinders bid. Kontakbesonderhede: Peter Sekhonyane, Sel: 0722854391, E-pos: sekhonya@postnet.co.za. (E-pos: info@joelnews.org, 21/06/10). ***Prys die Here vir die groot werk wat Hy gedoen het in die harte van die Suid-Afrikaners. Bid vir Peter Sekhonyane en sy span; dat hulle altyd waardig voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en hulle in elke goeie werk vrug mag dra.*** (**Kol.1:10**).

Bid vir jou gemeenskap: Effek van selfone op jeug

Die hoof van 'n gemeenskap se polisie forum het aangevra dat selfone van skole in Kaapstad, Suid-Afrika verban moet word. Lede van die *Film en Publisiteitskommittee* gaan met ouers van jongmense ontmoet wat skokkende beeld materiaal opgeneem het. Die Internet en selfoon opnames is nie privaat nie. Wanneer jou gesig eers herken word, kan kinders selfs sover gaan om selfmoord te oorweeg en hul ouers te verneder (Webruimte: parents. (Website: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=105&art_id=iol1278404864586D151, 06/07/10). Om op jou selfoon besig te wees of om die Internet te deursoek, terwyl jy in geskelskap of selfs by familie byeenkomste is, is aan die orde van die dag. Dit weerhou mense daarvan om sosiaal te verkeer en nader aan mekaar te groei. ***Bid dat jongmense in jou gemeenskap wyse besluite sal neem en nie by sulke aktiwiteite sal betrokke raak nie. Bid dat God aan ouers wysheid sal skenk oor hoe om sulke situasies op 'n daaglikse basis te hanteer.***

Suid-Afrika : Gebede is verhoor

Junie maand het begin met afwagting vir die Wêreldbeker sokkertoernooi. Daar was angstigheid oor die onwettige sekshandel en spesifiek mensehandel. Ons prys die Here dat hierdie industrie daarin gefaal het om aan hul verwagtinge vir 'n drastiese toename in hierdie besigheid te voldoen tydens hierdie periode. Dit is toe te skryf aan die strategiese publieke bewustheid wat gewek was deur organisasies soos *Project Care* en intense handhawing van die wet regoor die land. Behalwe die vroue en dames wat uit bordele en klubs gered is deur polisie klopjagte, is daar min bewyse van 'n dramatiese toename in die handel van vroue tydens die finale wedstryde van die Wêreldbeker. (E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.com, 06/07/10). ***Bid dat Suid-Afrikaners sal aanhou om onwettige seks- en mensehandel teen te staan na die Sokker Wêreldbeker deur gebede en bewustheid by die regering, ens. Dank die Here vir Sy beskerming oor die land sedert die begin van die Sokker Wêreldbeker.***

Internasionaal : Marokko gaan voort om buitelandse Christene te deporteer

'n Nuwe vlaag van deportasies bring nuwe bekommernis vir Marokkane wat met buitelanders getroud is. Marokkaanse owerhede het nog agt buitelandse Christene uit die land verban. Die aantal Christene wat sedert Maart 2010 uit die land verban is, het gegroei tot 128. Owerhede het die buitelanders na polisie stasies regoor Marokko ingeroep op Vrydag, 25 Junie, en het hulle 48 uur gegee om die land te verlaat op grond van "bedreiging van 'n publieke orde." 'n Bron het verduidelik dat Marokkaanse owerhede Christene deporteer op grond van "bekering", wat onwettig is in Marokko. Om hul deportasie te regverdig het hulle aangevoer dat die buitelanders 'n gevaar inhou vir die staat. In April het sowat 7 000 Moslem geloofsleiers 'n dokument geteken wat die werk van Christene in Marokko beskryf as "morele verkragting" en "godsdienstige terrorisme." (E-pos: Intercessors.Network@Bredband.net, 05/07/10). ***En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind.*** (**Hand.4:29-30**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com